

Hoë van reservaat by myn betrokke

Malherbe Nienaber

Hoewel die voorsitter van die Kaapse Weskus-biosfeerreservaat (CWCBR) by 'n stigting van die mynmaatskappy Kropz aangestel is, het dit glo niks met haar werk by die reservaat uit te waa nie.

Martin Halvorsen, ondervoorsitter van die CWCBR, het bevestig dat Sharon February as 'n direkteur van die Greenheart Foundation aangestel is, maar het gesê "sy verteenwoordig nie die CWCBR" in die direkteur nie.

Kropz bedryf die Elandsfontein-fosfaatmyn tussen Langebaan en Hopefield, wat naby 'n "kerngebied" van die biosfeerreservaat geleë is. Dit grens ook aan die Weskus Nasionale Park en is naby 'n fossielryke gebied wat in 2015 tot provinsiale erfenisgebied verklaar is.

Halvorsen het Saterdag namens die CWCBR geantwoord op navrae oor February se aanstelling by die stigting en sê hy dink nie dit het "enig iets met die reservaat te doen nie".

"Sy verteenwoordig nie die CWCBR in haar kapasiteit as 'n direkteur nie en dié saak is nooit deur die reservaat se raad bespreek nie."

"Persoonlik dink ek sy is 'n uitstekende keuse," het hy gesê en bygevoeg dat February ook by die Weskus-landbouvereniging en Vinpro betrokke is.

"Met haar plaaslike kennis en bewese prestasiegediens as direkteur en voorsitter van die CWCBR sal ek Kropz en hul stigting aanprys vir die aanstelling van February."

Die biosfeerreservaat is in 2000 verklaar oor 'n gebied van 387 000 hektaar, van Milnerton in Kaapstad tot die monding van die Bergrivier aan die Weskus.

Luidens sy webwerf is sy doelstellings om ekologies volhoubare ontwikkeling te koester, die landskap en biodiversiteit van die Weskus te bewaar, en ondersteuning te bied vir navorsing, monitering en opvoeding oor kwessies van bewaring en ontwikkeling.

Die Elandsfontein-myn wag tans op 'n geïntegreerde watergebruiksilensie van die departement van water en sanitasie voordat hy met die mynwerk kan begin.

February se aanstelling by die Greenheart Foundation is vroeër in 'n nuusbrief van Kropz bekend gemaak, hoewel dit nie genoem het dat sy die voorsitter van die reservaat is nie.

Die stigting is deur Kropz gestig en gefinansier as 'n organisasie sonder winsbejag om sy werk in die gemeenskap en volhoubaarheidsinisiatiewe te lei. Dit fokus op "maatskaplike, welsyns- en omgewingsinisiatiewe" in en rondom die gebiede waar die maatskappy belê, ontwikkel en werk.

"Die stigting is bevoorreg om Sharon as 'n direkteur te hê, sy is 'n welbekende lid van die gemeenskap in die Saldanhaabaai-munisipaliteit," lui die nuusbrief van Kropz.

Die Wes-Kaapse departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning het 'n appél teen die toestaan van omgewingsoedkeuring aan die myn by die nasionale departement ingedien. Dit versoek dat die goedkeuring tersyde gestel moet word.

Kropz het gister gesê die stigting se direkteur word nie vir hul dienste vergoed nie.

Omdat die reservaat nie statutêre magte het nie, kan dit ook "geen invloed of beheer" oor die myn uitoefen nie.



'n Lugfoto van die Elandsfontein-fosfaatmyn tussen Langebaan en Hopefield. Die myn wag tans dat die departement van water en sanitasie sy watergebruiksilensie (IWUL) toestaan.

Foto: KROPZ